

032885/TX09

KvW/RC/CA

Prof Coertzen

P/a NG Kerk Sinodale kantoor

Delangestraat 5

Bellville

7530

**PricewaterhouseCoopers Tax
Advisory Services (Pty) Limited**

Reg. no. 1983/0008289/07

No 1 Waterhouse Place

Century City 7441

P O Box 2799

Cape Town 8000

Telephone +27 (21) 529 2000

Facsimile +27 (21) 529 3314

www.pwcglobal.com/za

31 Julie 2003

Begeleidende skrywe by die Memorandum aan kerkrade, ringe, en sinodes (insluitende die Algemene Sinode) van die Nederduits Gereformeerde Kerk (“NG Kerk” of die “Kerk”) insake die vereistes en aansoekprosedure om vir belastingvrystelling te kwalifiseer

- 1 Die doel van die memorandum (Addendum “A”) is om inligting aan die sinodes, ringe en gemeentes van die NG Kerk te verskaf oor die vereistes waaraan voldoen moet word ten einde vir belastingvrystelling in die toekoms te kwalifiseer, asook die prosedures wat gevolg moet word wanneer by die Suid Afrikaanse Inkomstediens (“SAID”) om belastingvrystelling aansoek gedoen word.
- 2 Die inhoud van die memorandum is nie net van toepassing op gemeentes, ringe en sinodes nie, maar ook op entiteite wat onder die beheer van gemeentes, ringe en sinodes staan en wat self een of meer vrystellingsaktiwiteite (sien Addendum “B”) verrig. Om egter die leesbaarheid van die memorandum te vergemaklik sal (tensy die konteks anders aandui) deurgaans na gemeentes, ringe en sinodes verwys word wat vir vrystelling moet aansoek doen.

Sperdatum vir aansoeke om belastingvrystelling

- 3 Gemeentes, ringe en sinodes moet daarop let dat daar in beginsel nie ‘n statutêre verpligting op hulle rus om ingevolge die aansoekprosedure en vereistes soos in die memorandum bespreek, vir belastingvrystelling aansoek te doen nie. Versuim om betyds (op of voor 31 Desember 2003) aansoek te doen mag egter tot gevolg hê dat gemeentes, ringe en sinodes ten volle belasbaar sal wees in terme van die bepalinge van die Inkomstebelasting Wet 58 van 1962 (“die Wet”) op alle ontvangste en toevallings van ‘n inkomste aard. Gemeentes, ringe en sinodes word dus ten sterkste aangeraai om wel betyds aansoek om belastingvrystelling te doen.

Vereistes vir belastingvrystelling

- 4 Addendum “A” bevat ‘n omvattende bespreking van die vereistes waaraan die Kerkorde (konstitusie van die Kerk) moet voldoen ten einde aan die vrystellingsbepalings van die Wet te voldoen. Afgesien van paragrawe 51 tot 77 van Addendum “A” (wat ‘n bespreking van handel- of besigheidsaktiwiteit bevat), hoef gemeentes en ringe hulle nie van die tegniese bepalings van Addendum “A” te vergewis nie, (aangesien die Algemene Sinode deeglik daaraan aandag verleen) tensy ‘n betrokke gemeente ook vrystellingsaktiwiteit deur middel van ‘n aparte entiteit (soos byvoorbeeld ‘n artikel 21 maatskappy, privaat maatskappy of trust) verrig. In sodanige geval sal die betrokke entiteit afsonderlik (van die gemeente) vir vrystelling moet aansoek doen en is dit belangrik dat die betrokke gemeente bewus is van die volle inhoud van Addendum “A”.

Handel- of besigheidsaktiwiteit

- 5 Soos bo genoem, is dit belangrik dat gemeentes bepaal of hulle handel- of besigheidsaktiwiteit verrig en hulle vergewis van die bepalings van paragrawe 51 tot 77 van Addendum “A”, aangesien handel- of besigheidsaktiwiteit in die algemeen nie vir vrystelling kwalifiseer nie en die gemeente se vrystellingstatus in gedrang kan bring.
- 6 Handels- of besigheidsaktiwiteit wat nie aan een of meer van die uitsonderings soos in paragrawe 58 tot 67 van Addendum “A” bespreek voldoen nie, asook enige bate wat in die bedryf van sodanige handels- of besigheidsaktiwiteit gebruik word, moet voor 1 Januarie 2006 na ‘n aparte entiteit oorgedra word. Voorgenoemde oordragdatum is slegs van toepassing op handels- of besigheidsaktiwiteit wat voor 1 Januarie 2001 begin is.
- 7 Alhoewel artikel 30 nie enige spesifieke bepalings bevat rondom die oordra van handel- of besigheidsaktiwiteit wat ná 1 Januarie 2001 begin is nie, het ons telefonies met die Kommissaris: SAID bevestig dat sodanige aktiwiteit onmiddelik na ‘n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra moet word ten einde vir vrystelling te kwalifiseer. Indien ‘n gemeente dus byvoorbeeld ‘n handels- of besigheidsaktiwiteit beoefen wat na 1 Januarie 2001 begin is en sodanige aktiwiteit word nie voor die datum waarop die gemeente vir vrystelling aansoek doen na ‘n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra nie, sal die gemeente se aansoek om vrystelling eers verwerk word ná die oordrag van die betrokke handel- of besigheidsaktiwiteit voltooi is.
- 8 Aangesien dit onmoontlik is om in ‘n dokument van hierdie aard ‘n volledige (omvattende) lys te verskaf van spesifieke handels- of besigheidsaktiwiteit wat nie vir vrystelling sal kwalifiseer nie, word voorgestel dat gemeentes wat onseker is oor of hulle in beginsel handels- of besigheidsaktiwiteit verrig, en indien dit wel die geval is, of sekere handels- of besigheidsaktiwiteit vir vrystelling sal kwalifiseer, teen einde September 2003 enige navrae sal rig aan hulle betrokke sinodale kantoor.

Die betrokke sinodale kantoor groepeer dit dan en stuur dit via e-pos aan Rodney Claassen van PricewaterhouseCoopers (rodney.claassen@za.pwc.com) vir kommentaar. Sodoende kan konsekwente advies op 'n koste effektiewe wyse en binne 'n redelike tyd aan gemeentes verskaf word.

Aansoekprosedure

9 Die aansoekprosedure wat deur gemeentes, ringe en sinodes gevolg moet word om aansoek vir vrystelling te doen word volledig in paragrafe 100 tot 106 van Addendum "A" verduidelik. Die aansoekprosedure kan kortliks soos volg opgesom word –

- Elke gemeente, ring en sinode moet die voorgeskrewe aansoekvorm om belastingvrystelling voltooi (Addendum "F2") tesame met 'n skriftelike onderneming om aan die vereistes van artikel 30 te voldoen (Addendum "G"). Ten einde die voltooiing van die aansoekvorm vir gemeentes te vergemaklik het ons die vrymoedigheid geneem om 'n voorbeeld van 'n gedeeltelik voltooide aansoekvorm (Addendum "F1") aan te heg en kommentaar te lewer oor die voltooiing van sekere aspekte daarvan.

Die spesifieke inhoud van gedeeltes C, D, E, G en H sal afhang van die betrokke gemeente.

Wat gedeelte G aanbetref, het ons die tipiese aktiwiteite waarby die meeste gemeentes betrokke mag wees, gemerk. Die korrektheid van die gemerkte gedeeltes moet egter deur elke gemeente nagegaan word.

Deel H moet voltooi word indien 'n gemeente een of meer van die vetgedrukte aktiwiteite in deel G verrig. Die vetgedrukte gedeeltes kwalifiseer vir artikel 18A status en bied aan donateurs sekere belastingvoordele ten opsigte van skenkings wat vir die verrigting van sodanige aktiwiteite gemaak word (sien paragraaf 93 van Addendum "A" vir 'n bespreking van artikel 18A).

Let daarop dat voorgaande nie noodwendig sal geld vir ander entiteite as 'n gemeente nie.

- Ingevolge die ooreenkoms wat met die Kommissaris: SAID bereik is, hoef slegs die betrokke sinode 'n afskrif van die Kerkorde 2002 saam met die sinode se aansoek om vrystelling by die Kommissaris: SAID in te dien. Elke gemeente en ring hoef slegs in hulle aansoek om vrystelling, te verwys na die afskrif wat deur die betrokke sinode ingedien is;
- 'n Afskrif van die gemeente, ring of sinode se mees onlangse finansiële state moet die aansoekvorm vergesel;

Ons het die vrymoedigheid geneem om 'n voorbeeld van 'n konsep dekbrief aan te heg wat gemeentes, ringe en sinodes kan gebruik vir die doeleindes van hulle aansoek om belastingvrystelling (sien Addendum "H").

- 10 Ten einde die aansoekproses vir alle partye so glad as moontlik te laat verloop word voorgestel dat die saakgelastigdes van die onderskeie sinodes die administrasie van die aansoekproses vir hulle gebied hanteer. Die voltooide aansoeke van al die gemeentes en ringe moet dus na die saakgelastigde van die betrokke sinode gestuur word sodat dit saam met die aansoek van die betrokke sinode by die Kommissaris: SAID ingedien kan word. Elke sinodale gebied moet dus asseblief self die nodige reëlins vir hulle gebied tref.
- 11 Ten einde die betrokke sinode in staat te stel om die korrektheid en volledigheid van die aansoeke wat dit gaan ontvang, na te gaan vóór dit na die Kommissaris: SAID gestuur word, word voorgestel dat elke gemeente en ring 'n kontrolelys (Addendum "I") voltooi en saam met al die nodige dokumentasie aan die betrokke sinode stuur vóór of óp 31 Oktober 2003. Nadat die aansoeke gekontroleer is sal die sinode die aansoeke aan die Kommissaris: SAID stuur.

Registrasie as Organisasie sonder Winsoogmerk

- 12 Die Wet bepaal dat elke gemeente, ring en sinode wat vir belastingvrystelling aansoek doen ook binne die tyd wat die Kommissaris: SAID bepaal, as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk in terme van die bepalings van die Wet op Nie-winsgewende Organisasies 71 van 1997 registreer (sien paragraaf 13 van Addendum "G" asook Addendum "C").
- 13 Dit is nie nodig dat gemeentes, ringe en sinodes eers as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk moet registreer voor hul aansoek om belastingvrystelling goedgekeur sal word nie. PricewaterhouseCoopers het met die Kommissaris: SAID bevestig dat gemeentes, ringe en sinodes eers binne een jaar vanaf die datum waarop hul aansoek om belastingvrystelling goedgekeur word, as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk moet registreer.
- 14 Die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk bepaal onder andere dat elke gemeente, ring en sinode twee afskrifte van die Kerkorde moet indien wanneer om registrasie as Organisasie sonder Winsoogmerk aansoek gedoen word. PricewaterhouseCoopers is op die oomblik besig om met die Direkteur: Nie-winsgewende Organisasies te onderhandel in 'n poging om 'n soortgelyke reëling te tref as dié een wat met die Kommissaris: SAID getref is rondom die indien van die Kerkorde.
- 15 Alhoewel daar in beginsel niks is wat gemeentes, ringe en sinodes verhoed om nou reeds as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk te registreer nie, word aanbeveel dat daar eers gewag word vir die uitkoms van onderhandelinge tussen PricewaterhouseCoopers en die Direkteur: Nie-winsgewende Organisasies. Soos bo

genoem, hoef gemeentes, ringe en sinodes eers binne een jaar na die datum waarop hul aansoek om belastingvrystelling geodagekeur is, as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk te registreer.

- 16 Ons stel voor dat die saakgelastigdes van die onderskeie sinodes ook die administrasie verbonde aan die proses vir registrasie as Organisasie sonder Winsoogmerk vir hulle gebied hanteer. Gemeentes, ringe en sinodes wat reeds op die stadium as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk wil registreer word dus versoek om hul voltooide aansoeke tesame met twee afskrifte van die Kerkorde na die saakgelastigde van die betrokke sinode te stuur sodat dit by die Direkteur: Niewinsgewende Organisasies ingedien kan word. Elke sinodale gebied moet dus asseblief self die nodige reëlings vir hulle gebied tref en rekord hou van enige registrasienommers wat aan gemeentes, ringe en sinodes deur die Direkteur: Niewinsgewende Organisasies toegeken word.

Slotopmerkings oor die aansoekproses

- 17 Ten spyte van uitgerekte onderhandelings met die SAID, het die SAID bevestig dat die onderskeie sinodes nie kollektief vir die gemeentes in hulle streek om belastingvrystelling kan aansoek doen nie. Elke gemeente, ring en sinode sal dus afsonderlik op of voor 31 Desember 2003 om vrystelling aansoek moet doen volgens die proses hierbo uiteengesit (en volledig in paragrawe 100 tot 106 van Addendum "A" bespreek).
- 18 Daar word verder voorgestel dat elke gemeente, ring en sinode (insluitende die Algemene Sinode)-
- oorweeg om ampsdraers aan te wys (minstens drie moet in elk geval die aansoekvorms voltooi en onderteken) wat die vrystellingsproses kan bestuur, op hoogte sal bly met verwikkelinge en ander belanghebbendes dienooreenkomstig kan inlig;
 - kennis neem van die vrystellingsvereistes wat in Addendum "A" uiteengesit word en waaraan gemeentes, ringe en sinodes, asook entiteite wat onder beheer van gemeentes, ringe en sinodes staan en wat vrystellingsaktiwiteite verrig, sal moet voldoen;
 - enige navrae (veral rondom die bedryf van handel- of besigheidsaktiwiteite) deurgee aan die saakgelastigde van elke sinode sodat konsekwente en koste-effektiewe advies binne 'n redelike tyd verkry en versprei kan word;
 - aktiwiteite wat deur hulle of entiteite wat onder hulle beheer staan ingevolge Deel I (Addendum "B") en / of Deel II (Addendum "D") verrig word, identifiseer. Deel I aktiwiteite kwalifiseer slegs vir belastingvrystelling terwyl Deel II aktiwiteite nie net vir belastingvrystelling kwalifiseer nie, maar ook 'n belastingvoordeel aan donateurs bied deurdat dit hulle instaat stel om (onderhewig

aan sekere limiete) ‘n belastingaftrekking te eis van skenkings wat aan ‘n gemeente, ring of sinode (of entiteit wat onder hulle beheer staan) gemaak word;

- oorweeg of dit wenslik is om vir artikel 18A status aansoek te doen selfs al verrig die betrokke gemeente een of meer Deel II aktiwiteite (daar is voor- en nadele);
- verseker dat die voorskrifte van die vrystellingsbepalings in die Wet reeds nagekom word en indien nie, maatreëls tref om dit in die toekoms na te kom;
- die aard van enige handel- of besigheidsaktiwiteite identifiseer asook die jaarlikse omvang daarvan, uitgesonderd aanvullende (nie-winsgewende) en tydelike aktiwiteite (sien Addendum “I”);
- indien nodig en met die ondersteuning van professionele advies, besluit op ‘n toepaslike handelsentiteit waarna bates oorgeplaas kan word asook die tydstep daarvan, indien nie aan die vrygestelde handel- of besigheidsvereistes voldoen word nie;
- reëlings tref vir rekeningkundige prosesse en rekordhouding wat ‘n duidelike onderskeid tref tussen inkomste en uitgawes afkomstig uit handel- of besigheidsaktiwiteite en die resultate afkomstig uit vrygestelde aktiwiteite, sowel as ‘n skeiding van die bates en laste verbonde aan sodanige aktiwiteite;
- die toepaslike dokumentasie soos hierbo uiteengesit aan die sinode teen ‘n bepaalde keurdatum deurstuur (ons stel voor 31 Oktober 2003).

Risikobeperkings

- 19 Die ontleding en mening in hierdie brief asook in Addendums “A” tot “I” is gebaseer op -
- 19.1 die bogemelde feite en agtergrondinligting. Stel ons asseblief in kennis indien laasgenoemde foutief of onvolledig blyk te wees, aangesien dit die ontleding en opinie mag beïnvloed.
- 19.2 ons kennis en interpretasie van die relevante reg en praktyk, wat waarskynlik met verloop van tyd sal verander. Sodanige veranderinge mag ons ontleding en mening beïnvloed. U word gevolglik aangeraai om tred te hou met verwickelinge en, indien nodig, ons weer om advies te nader.
- 20 Hierdie memorandum is vir die uitsluitlike gebruik en doeleindes van die gemeentes, ringe, sinodes en Algemene Sinode van die NG Kerk, soos hierbo uiteengesit. Afskrifte mag aan u ander adviseurs beskikbaar gestel word mits hulle dit aanwend alleenlik vir die doeleindes hierbo uiteengesit en mits hulle verwittig word van die bepalinge van hierdie paragraaf. Nòg die geheel nòg enige gedeelte van hierdie memorandum mag sonder ons voorafverkreë skriftelike toestemming aan enige ander derde party (bv. ‘n ander kerk of godsdienstige instansie)

beskikbaar gestel word. In elk geval maak ons geen voorstellings aan enige derde party of u ander adviseurs nie, en sal ons geen aanspreeklikheid (insluitende eise vir skadevergoeding van watter aard ookal) teenoor genoemde persone aanvaar nie.

- 21 Die aanspreeklikheid van PricewaterhouseCoopers Ing, sy filiaal- en geassosieerde maatskappye en entiteite, en hul onderskeie werknemers, direkteure en verteenwoordigers ten opsigte van enige eise wat voortspruit uit of verband hou met die opdrag wat in hierdie memorandum behandel word, word beperk tot twee maal ons fooie wat vir hierdie opdrag gehef is.

Ons vertrou dat bogenoemde in orde is. U is welkom om met ons te skakel indien ons van verdere bystand kan wees.

Die uwe

Koos van Wyk

Direkteur: Belasting- en Regsdienste

Rodney Claassen

Senior Konsultant: Belasting- en Regsdienste

Nederduits Gereformeerde Kerk

Memorandum insake belastingvrystelling vir kerklike entiteite

Tensy uit die konteks anders blyk, verwys “artikels”, bylaes” en “die Wet” na die relevante bepalings van die Inkomstebelasting Wet 58 van 1962.

Inhoudsopgawe

Die memorandum is in die volgende kategorië verdeel.

Opskrif	Paragraaf	Bladsy
Die Kerk se belastingposisie – geskiedkundig	22	11
Die Kerk se belastingposisie – teenswoordig	25	11
Kwalifiserende openbare weldaadsorganisasies (“OWO”)	31	12
Soort organisasie	31	12
Doelwit van die OWO	35	13
Beoefening van openbare weldaadsaktiwiteite (“OWAe”)	39	14
Geen eie belang	40	14
OWAe moet hoofsaaklik in Suid Afrika verrig word	41	14
Tot voordeel van die algemene publiek	42	14
Formele vereistes waaraan die Kerkorde moet voldoen	43	15
Fidusiêre verantwoordelikheid	44	15
Aanwending van fondse en bates	45	15
Ontbinding	50	16
Beperking op handel- of besigheidsaktiwiteite	51	16
Oordrag van bates wat deel vorm van handel- of besigheidsaktiwiteite na belastingpligtige entiteite	68	19
Nie-herroepbare skenkings	78	22

Wysigings aan Kerkorde	80	22
Rekordhouding	81	22
Belastingopgawe	82	23
Deelname in belastingvermydingskemas	83	23
Betaling van fondse aan assosiasies van persone	85	23
Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk ("WOSW")	87	23
Datum van inwerkingtreding	92	24
Belastingaftrekbaarheid van skenkings in die hande van donateurs	93	24
Deel II van die Negende Bylae	93	24
Voorgeskrewe limiete	96	25
Kwitansie	98	25
Aansoekprosedure	100	26
Skriftelike onderneming om aan die vereistes van artikel 30 van die Wet te voldoen	100	26
Groepsregistrasies	107	27
Belasting wat vir vrystelling sal kwalifiseer	109	27
Skenkingsbelasting	109	27
Boedelbelasting	111	27
Hereregte	112	27
Seëlregte	114	28
Vaardigheidsontwikkelingsheffings ("VOH") ("skills development levies")	115	28
Kapitaalwinsbelasting ("KWB")	116	28
Eiendomsbelasting	117	28
Slotopmerkings oor die aansoekproses	119	28

Die volgende Addendums vorm deel van die memorandum.

Omskrywing	Addendum
Deel I van die Negende Bylae tot die Wet (bevat 'n lys van kwalifiserende vrystellingsaktiwiteite).	B
Aansoekvorm vir registrasie as Organisasie sonder Winsoogmerk in terme van die bepalings van die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk 71 van 1997.	C
Deel II van die Negende Bylae tot die Wet (bevat 'n lys van aktiwiteite ten opsigte waarvan 'n artikel 18A sertifikaat uitgereik kan word).	D
Voorbeeld van aanvaarbare kwitansie vir artikel 18A doeleindes.	E
Voorbeeld van gedeeltelik voltooide aansoekvorm vir belastingvrystelling in terme van artikels 10(1)(cN) en 30 van die Wet.	F1
Voorgeskrewe aansoekvorm vir belastingvrystelling in terme van artikels 10(1)(cN) en 30 van die Wet.	F2
Geskrewe onderneming om aan die vereistes van artikel 30 van die Wet te voldoen.	G
Voorbeeld van dekbriëf aan die Kommissaris: SAID vir aansoek om belastingvrystelling.	H
Kontrolelys wat deur elke gemeente ingevul moet word en wat saam met hul bundel dokumente aan die sinode gestuur moet word.	I

Die Kerk se belastingposisie – geskiedkundig

- 22 Internasionaal geniet nie-winsgewende organisasies gewoonlik voorkeur belasting behandeling en word skenkers ook aangemoedig om geld en bates aan sulke organisasies te skenk. Die staatkundige rede vir die voorkeurbehandeling van nie-winsgewende organisasies lê daarin dat hulle 'n belangrike rol vervul ten opsigte van die sosiale opbou van die gemeenskap en dus die finansiële las wat andersins op die Staat sou val, verlig.
- 23 Tot onlangs het die Wet (verwys na die voormalige artikel 10(1)(f)) 'n algemene en outomatiese vrystelling bevat wat die ontvangste en toevallings van alle godsdienstige-, liefdadigheids- en opvoedkundige instellings vrygestel het van die

betaling van belasting. Soortgelyke bepalings was vervat in ander wette, soos byvoorbeeld, die Hereregte Wet en die Wet op Seëlregte.

- 24 Artikel 10(1)(f) het ook nie enige bepalings bevat rondom handeldryf nie, met die gevolg dat fondse basies op enige manier gegenerer kon word solank as wat dit aangewend was vir die bevordering van (in die Kerk se geval) godsdienstige aktiwiteite.

Die Kerk se belastingposisie – teenswoordig

- 25 Die vorige vrystellingsbepalings is deur sommige instansies en persone misbruik. Sommige persone en instansies het staat gemaak op die vrygestelde status van die organisasie om handel te dryf in onregverdige kompetisie met ander belastingpligtiges of het bloot geleidelik die saketerrein begin betree, weens tekorte aan ledebydraes. Aan die ander kant was daar baie verdienstelike organisasies wat nie vir vrystelling gekwalifiseer het nie omrede die bewoording van artikel 10(1)(f) te eng omskryf was en die onsekerheid wat daaruit voortgevloei het tot meningsverskille tussen die SAID en nie-winsgewende organisasies aanleiding gegee het oor welke aktiwiteite vir vrystelling kwalifiseer. In die algemeen was die toepassing dus dikwels onregverdig, ongekoördineerd en onkonsekwent.
- 26 Dit is hoofsaaklik as gevolg van voorgenoemde redes dat die Minister van Finansies (“die Minister”) in sy 2000 begrotingstoespraak aangekondig het dat die bepalings rondom belastingvrystelling gewysig sal word.
- 27 Die doel van die nuwe bepalings was enersyds om nie-verdienstelike organisasies te verhoed om die vrystellingsbepalings van die Wet te misbruik en andersyds om verdienstelike organisasies in staat te stel om vir vrystelling te kwalifiseer deur meer sekerheid te skep oor die vereistes waaraan sulke organisasies sal moet voldoen. Daar is gepoog om laasgenoemde doelwit te bereik deur organisasies wat soortgelyke aktiwiteite verrig saam te groepeer en ‘n uniforme stel reëls op hulle van toepassing te maak.
- 28 Artikel 10(1)(f) is deur die Belastingwysigingswetsontwerp 30 van 2000 geskrap. ‘n Nuwe artikel 10(1)(cN) is ingevoeg wat aan organisasies wat aan die vereistes van artikel 30 van die Wet voldoen, vrystelling verleen. Die blote feit dat ‘n organisasie nie ‘n oorkoepelende winsmotief het nie is nie nou meer genoeg nie – die organisasie sal aan al die vereistes van artikel 30 moet voldoen, veral die gekwantifiseerde vereistes ten opsigte van handeldryf (sien bespreking hieronder).
- 29 Die gevolg van die skraping van artikel 10(1)(f) en die invoeging van artikel 30 is dat organisasies wat reeds vrystelling op daardie stadium geniet het, op of voor 31 Desember 2003 aansoek om vrystelling moet doen.
- 30 **Die versuim om op of voor 31 Desember 2003 aansoek te doen sal beteken dat die betrokke organisasie sy vrystellingstatus verbeur en dus belastingpligtig**

word (met effek van 31 Desember 2003) totdat ‘n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 30 aan die SAID gerig en goedgekeur word.

Kwalifiserende openbare weldaadsorganisasies (OWOs)

Soort organisasie

- 31 Die beginsel van ‘n OWO wat een of meer openbare weldaadsaktiwiteite (OWAe) verrig vorm die kern van artikel 30. Slegs ‘n OWO wat een of meer OWAe verrig sal vir vrystelling in aanmerking kom.
- 32 Slegs die volgende soorte organisasievorme sal as ‘n OWO kwalifiseer –
 - 32.1 ‘n *Maatskappy* geïnkorporeer ingevolge die bepalings van *artikel 21* van die Maatskappywet. ‘n Artikel 21 maatskappy het ‘n voorgeskrewe Akte en Statute van oprigting en is geregistreer by die Registrateur van Maatskappye en is in alle opsigte onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet.
 - 32.2 ‘n *Trust*. ‘n Trust word vereis om ‘n stigtingsdokument te hê en geregistreer te wees by die Meester van die Hoër Hof en is onderhewig aan die bepalings van die Wet op die Beheer van Trustgoed.
 - 32.3 ‘n *Assosiasie van persone*. ‘n Assosiasie van persone is ‘n vrywillige groepering van persone met ‘n gemeenskaplike doelwit wie se aktiwiteite gereguleer word deur ‘n grondwet of konstitusie (stigtingsdokument).
- 33 ‘n Privaatmaatskappy of ‘n beslote korporasie, al verrig dit een of meer OWAe, sal dus nie ingevolge van die bepalings van artikel 30 vir vrystelling in aanmerking kom nie.
- 34 Die NG Kerk is ‘n assosiasie van persone met die gevolg dat die samestellende dele van die Kerk, naamlik die sinodes (insluitende die Algemene Sinode), , ringe en gemeentes elk as ‘n OWO sal kwalifiseer op die basis dat hulle die beoefening van godsdienst bevorder ooreenkomstig die Bepalinge en Reglemente van die Kerkorde. Die Kerkorde word gesien as die “konstitusie” van die NG Kerk en bind al die vlakke van die Kerk, nieteenstaande die feit dat die “konstitusie” van die onderskeie sinodes sekere eiesoortige bepalings mag bevat om vir die werksaamhede van die betrokke sinode voorsiening te maak. Hierdie Bepalinge en Reglemente mag in elk geval nie in stryd wees met die Bepalinge en Reglemente van die Kerkorde nie. Gemeentes en ringe het nie ‘n afsonderlike “konstitusie” nie en is, soos bo genoem, in alle opsigte onderhewig aan die Bepalinge en Reglemente van die Kerkorde. Dit is veral artikel 57 en Reglement 9 van die Kerkorde wat die fondse, goedere en eiendomme van die Kerk reël, wat van toepassing is

Doelwit van die OWO

- 35 Die uitsluitlike doelwit van die OWO moet wees om een of meer OWAE te verrig soos wat die Minister van tyd tot tyd mag bepaal. Die huidige lys van OWAE word in Deel I van die Negende Bylae tot die Wet vervat en is as Addendum “B” hierby aangeheg.
- 36 Addendum “B” kan in die volgende afdelings verdeel word –
- 36.1 Welsyn en humanitêr;
 - 36.2 Gesondheidsorg;
 - 36.3 Grond en behuising;
 - 36.4 Opvoedkunde en ontwikkeling;
 - 36.5 Godsdiens, geloof of filosofie;
 - 36.6 Kultureel;
 - 36.7 Bewaring, omgewing en diere regte;
 - 36.8 Navorsing en verbruikersregte;
 - 36.9 Sport;
 - 36.10 Die verskaffing van fondse en ander hulpbronne aan ander goedgekeurde OWOs;
 - 36.11 Algemeen
- 37 Afgesien van godsdienstige aktiwiteite, verrig die Kerk ook veral welsyns- en humanitêre aktiwiteite (paragraaf 1 van Addendum “B”). Sommige welsyns- en humanitêre aktiwiteite word in aparte entiteite verrig onder toesig van die Kerk. Hierdie entiteite sal afsonderlik vir vrystelling moet aansoek doen.
- 38 Soos uit die lys van aktiwiteite blyk, kan die OWO óf self die betrokke OWAE verrig óf kan dit fondse aan ander goedgekeurde OWOs verskaf om die OWAE te verrig.

Beoefening van OWAE

- 39 Elke OWA moet op ‘n nie-winsgewende basis en met ‘n altruïstiese of filantropiese bedoeling verrig word. ‘n Organisasie wat dus een of meer OWAE verrig met die doel om ‘n wins uit die bedryf van sodanige aktiwiteite te maak, sal nie as ‘n OWO kwalifiseer nie.

Geen eie belang

- 40 Geen OWA mag die ekonomiese eie belang van enige werknemer, amptenaar of persoon wat in 'n vertrouensverhouding tot die OWO staan bevoordeel nie. Voorgenoemde beteken egter nie dat sodanige persone nie redelike (markverwante) vergoeding mag ontvang vir dienste wat aan of namens die OWO verrig word nie.

OWAe moet hoofsaaklik in Suid Afrika verrig word

- 41 Ten minste 85% van die OWO se aktiwiteite, hetsy gemeet in terme van tyd of koste, moet in Suid Afrika verrig word. In spesiale omstandighede kan die Minister egter op aansoek toestemming verleen om meer tyd of geld buite Suid Afrika te spandeer sonder dat die vrygestelde status van die OWO in gedrang gebring word.

Tot voordeel van die algemene publiek

- 42 Alle OWAe moet verrig word tot voordeel van die algemene publiek. Daar sal aan hierdie vereiste voldoen word indien: –
- 42.1 die aktiwiteite toeganklik is vir die algemene publiek, insluitende 'n spesifieke onderafdeling daarvan, maar uitgeslote klein en uitgesoekte groepe. 'n Aktiwiteit wat byvoorbeeld ten doel het om slegs die werknemers van 'n spesifieke maatskappy te dien sal nie as 'n OWA kwalifiseer nie. Daarteenoor sal 'n aktiwiteit wat byvoorbeeld ten doel het om slegs die Christengemeenskap te dien wel as 'n OWA kan kwalifiseer, of;
- 42.2 die aktiwiteite toeganklik is vir arm en behoeftige persone, byvoorbeeld die verskaffing van behuising aan VIGS lyers of haweloses, of;
- 42.3 ten minste 85% van die organisasie se fondse afkomstig is van skenkings of bydraes van die Suid Afrikaanse Regering, buitelandse regerings of internasionale organisasies.

Formele vereistes waaraan Kerkorde moet voldoen

- 43 'n Organisasie sal slegs vir vrystelling kwalifiseer indien die betrokke “grondwet” of “konsituisie” van die organisasie (in die geval van die NG Kerk sy Kerkorde) duidelik aandui dat die organisasie se hulpbronne en aktiwiteite daarop gemik is om een of meer OWAe te verrig. Die aktiwiteite van die NG Kerk word in Hoofstuk 4 van die Kerkorde uiteengesit. Verder, moet dit duidelik uit die betrokke “konstitusie” of “grondwet” blyk dat die organisasie aan die volgende vereistes voldoen (sommige waarvan alreeds in die Kerkorde vervat is). Die Kerkorde sal mettertyd (voor 15 Julie 2006) formeel gewysig moet word om enige oorblywende vereistes te inkorporeer.

Fidusiêre verantwoordelikheid

- 44 'n OWO moet ten minste drie nie-verbonde persone hê om verantwoordelikheid vir die aktiwiteite van die organisasie te aanvaar. Geen enkele persoon mag die bevoegdheid hê om, hetsy direk of indirek, die besluitnemingsbevoegdheid van die organisasie te beheer of te beïnvloed nie.

Aanwending van fondse en bates

Ter verwesenliking van doelwitte

- 45 Die belastingvrye status van 'n OWO stel die organisasie in staat om publieke geld aan te wend ter verwesenliking van die organisasie se doelwitte. Dit is dus belangrik dat die OWO sy fondse slegs sal aanwend om sy doelwitte te bereik of om dit te belê vir gebruik in die toekoms.

Verbod teen uitkeer van fondse

- 46 'n OWO mag nie enige van sy fondse aan enige persoon uitkeer nie, tensy dit in die loop van die verwesenliking van die OWO se aktiwiteite is nie. Soos bo genoem, verhoed hierdie bepaling nie die OWO om redelike vergoeding aan enige amptenaar of werknemer te betaal nie.

Belegging van surplus fondse

- 47 'n OWO mag enige surplus fondse slegs in een of meer van die volgende beleggings belê (sien paragrawe 1.4.4, 2.4.3, 3.4.3 en 4.4.3 van Reglement 9 van die Kerkorde 2002): –

47.1 'n finansiële instelling soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op die Finansiële Dienste Raad 97 van 1990;

47.2 in genoteerde aandele op 'n effektebeurs (soos byvoorbeeld die Johannesburgse Effektebeurs) soos omskryf in artikel 1 van die Effektebeurs Beheerwet 1 van 1985;

47.3 in ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: SAID van tyd tot tyd in oorleg met die uitvoerende beampte van die Finansiële Dienste Raad en die Direkteur van Nie-winsgewende Organisasies mag bepaal.

48 Die afskei van handelsaktiwiteite in 'n maatskappy waarvan die aandele deur die kerk gehou word, sal volgens die SAID wel toelaatbaar wees.

Bate ontvang as erflating of skenking

- 49 Enige bate wat 'n OWO verkry deur middel van 'n skenking or erflating mag deur die betrokke OWO gehou word in die vorm waarin dit verkry is, tensy die betrokke bate 'n besigheidsonderneming is. In die geval van 'n besigheidsonderneming, sal die OWO verplig wees om óf die betrokke besighedsaktiwiteit te staak óf dit na 'n

belasbare entiteit oor te dra indien die OWO sy vrygestelde status wil behou (sien bespreking hieronder).

Ontbinding

50 Indien 'n OWO sou ontbind (sien paragrawe 1.11, 2.7, 3.7 en 4.7 van Reglement 9 van die Kerkorde 2002), is dit verplig om enige fondse en bates na 'n OWO wat soortgelyke aktiwiteite verrig, oor te dra. Meer spesifiek moet die “konstitusie” of “grondwet” van 'n OWO 'n bepaling bevat dat by ontbinding van die OWO alle bates en fondse oorgedra sal word aan –

50.1 'n soortgelyke OWO wat deur die Kommissaris: SAID goedgekeur is, of

50.2 'n organisasie wat kragtens 'n wet ingestel is soos voorsien in artikel 10(1)(cA)(i) van die Wet, welke organisasie een of meer OWAs moet verrig, of

50.3 'n department of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regering.

Beperking op handel- of besigheidsaktiwiteite

Algemeen

51 Hierdie is waarskynlik die belangrikste vereiste waaraan voldoen moet word. Nienakoming van hierdie vereiste sal beteken dat die OWO sy vrystellingstatus verloor en belastingpligtig raak.

52 Die vraag ontstaan wat dit is wat 'n handels- of besigheidsaktiwiteit daar sal stel. Die Wet definieer nie die begrippe ‘handels- of besigheidsaktiwiteit’ nie. Die konsep ‘bedryf’ word wel in artikel 1 van die Wet omskryf om “'n profesie, handelsaak, besigheid, diens, beroep, vak of onderneming met die inbegrip van die verhuur van goed...” in te sluit.

53 ‘Handeldryf’ is al in hofsake omskryf as “...every profitable activity [and] should be given the widest possible interpretation...” (*Burgess v CIR* 1993 (4) SA 161 (A)). Dit is nie nodig dat die betrokke aktiwiteit 'n wins moet oplewer ten einde as 'n handelsaktiwiteit te kwalifiseer nie. Die afwesigheid van 'n winsmotief mag egter in gegewe omstandighede saam met ander objektiewe faktore daarop dui dat 'n handelsaktiwiteit nie beoog was nie.

54 ‘Besigheid’ is 'n baie wyer konsep as ‘handeldryf’ en sluit alles in wat die tyd en aandag van 'n persoon in beslag neem en op 'n sistematiese en gereelde wyse uitgevoer word met die doel om 'n wins te genereer (*R v Angamia* 1958 (3) SA 435-6(T); *Valkin and another v Daggerfontein mines Ltd and others* 1960 (2) SA 511 (W)).

55 In *COT v Estate G* 26 SATC 168 op 173 het die hof beslis dat daar na al die feite gekyk moet word ten einde te bepaal of 'n besigheid bedryf word. Die vraag moet gevra word of die soort aktiwiteite wat verrig word van so aard is dat 'n persoon dit

vanuit 'n kommersiële perspektief as die bedryf van 'n besigheid sal beskou. Van die faktore wat in ag geneem kan word, is die aard en omvang van die aktiwiteite wat verrig word, die doel waarmee dit verrig word (is daar 'n winsmotief teenwoordig of nie), die kontinuïteit van die aktiwiteite, ens.

- 56 Gegewe die wye definisie wat deur ons howe aan 'handeldryf' en 'besigheid' gegee is, is dit uiters belangrik dat alle handels- en besigheidsaktiwiteite wat nie in een van die vier kategorië wat hieronder bespreek word, val nie, vroegtydig geïdentifiseer en in aparte entiteite geplaas word, afhangend van die omvang daarvan.
- 57 Dit is ook belangrik dat elke gemeente se finansiële state in so formaat opgestel word dat inkomste uit handels- of besigheidsaktiwiteite duidelik van ander inkomste (soos skenkings en dankoffer geld) onderskei kan word. Dit sal nie net potensiële navrae van die SAID vermy nie, maar sal ook die identifisering van potensiële probleemgebiede vergemaklik.

Uitsonderings op algemene reël

- 58 Ten spyte van die feit dat handels- en besigheidsaktiwiteite in die algemeen kan lei tot diskwalifikasie vir belastingvrystelling, word aanvaar dat sekere OWOs wel handels- en besigheidsaktiwiteite beoefen ten einde hulle OWAs te befonds of te beoefen. In hierdie gevalle mag sulke handels- of besigheidsaktiwiteite aanvaarbaar wees mits dit aan sekere voorwaardes voldoen en binne sekere perke verrig word.
- 59 Handels- of besigheidsaktiwiteite wat in een van die volgende vier kategorieë val en aan die voorwaardes van elke kategorie voldoen sal nie die OWO se vrystelling in gedrang bring nie (sien paragrawe 1.10, 2.6, 3.6 en 4.6 van reglement 9 van die Kerkorde).

De Minimis reël

- 60 'n OWO mag handelsaktiwiteite verrig mits sodanige aktiwiteite op 'n klein skaal is vergeleke met die ander aktiwiteite van die OWO. Verder mag die bruto inkomste wat deur sodanige aktiwiteite gegenereer word nie groter as R25 000 of 15% van die totale bruto ontvangste (soos byvoorbeeld skenkings, donasies, subsidies, ens.) van die betrokke OWO uitmaak nie.
- 61 Gemeentes wat fondse probeer insamel of aanvul deur sekere handelsaktiwiteite (ongegag die aard daarvan) te verrig moet veral op hierdie vereiste let. 'n Gemeente sal byvoorbeeld toegelaat word om 'n kwekery of christelike boekwinkel te bedryf solank as wat die bruto inkomste wat die betrokke handelsaktiwiteit genereer nie die R25 000 of 15% vereiste oorskry nie. Indien die R25 000 of 15% vereiste wel oorskry word sal dit die algemene vrystellingstatus van die gemeente in gedrang bring wat tegnies tot gevolg kan hê dat selfs inkomste afkomstig uit dankoffer geld aan belasting onderhewig sal wees.

Handelsaktiwiteit verbonde aan die hoofdoel van die OWO

62 Handels- of besigheidsaktiwiteit wat nou verbonde is aan die OWO se hoofdoel sal nie die OWO se vrystellingstatus in gedrang bring nie. Nieteenstaande voorgenoemde algemene reël moet die grootste gedeelte (wat volgens die SAID meer as 80% is) van die handels- of besigheidsaktiwiteit daarop gemik wees om koste te verhaal en mag dit nie tot onregverdige mededinging met belastingbetalende entiteite aanleiding gee nie. 'n Ouetehuis wat van inwoners 'n inwonersfooi vra op 'n kosteverhalingsbasis sal 'n voorbeeld van voorgenoemde wees.

In hierdie proses moet nie nagelaat word om behoorlike koste-toedelings van aanverwante bedrywe te doen nie, byvoorbeeld die skriba se salaris indien hy / sy ook as kolporteur optree.

Handelsaktiwiteit wat nie verbonde aan die hoofdoel van die OWO is nie

63 'n OWO mag nie-verbandhoudende handels- of besigheidsaktiwiteit verrig indien sodanige aktiwiteit van 'n tydelike aard is en hoofsaaklik deur vrywilligers sonder vergoeding onderneem word. Fondsinsamelingsprojekte (soos bazaars, kermisse, wynveilings, koekverkope, looitjies, ens.) sal tipiese voorbeelde van voorgenoemde wees.

64 Die belangrikste kenmerk wat die betrokke aktiwiteit moet openbaar ten einde in hierdie kategorie te val is dat dit van 'n tydelike aard moet wees. Daar betrokke aktiwiteit moet met ander woorde nie so gereeld herhaal word dat dit gesien kan word as die bedryf van 'n besigheid of 'n aktiwiteit gerig op winsbejag nie. 'n Gemeente wat byvoorbeeld gereeld deur die loop van die jaar bazaars hou en daarop staat maak om gemeente inkomste aan te vul mag 'n probleem hê om aan die handeldryf-vereiste te voldoen.

Ministeriële goedkeuring

65 Indien daar twyfel bestaan of 'n spesifieke aktiwiteit aan die handeldryf-vereistes van bogenoemde drie uitsonderings voldoen, kan die Minister genader word om goedkeuring te verleen vir die bedryf van die spesifieke aktiwiteit.

66 Die Minister sal die volgende faktore in ag neem ten einde sy besluit oor die aanvaarbaarheid al dan nie van die betrokke aktiwiteit te formuleer –

66.1 Die omvang en liefdadigheidsaard van die betrokke handeling of aktiwiteit;

66.2 Die direkte verband en inter-afhanklikheid van die onderneming of aktiwiteit vergeleke met die hoofdoelwit van die OWO;

66.3 Die winsgewendheid van die onderneming of aktiwiteit;

- 66.4 Die vlak van ekonomiese ongelykheid wat veroorsaak sal word indien die OWO toegelaat word om die bedryf van die onderneming of aktiwiteit voort te sit.
- 67 Persone wat 'n aansoek aan die Minister wil, rig sal duidelik moet aandui en motiveer watter voordele die voortgesette bedryf van die onderneming vir die algemene publiek inhou, asook waarom dit nie die belastingbasis sal afwater of onregverdige mededinging met ander belastingbetalers sal teweegbring nie.

Oordrag van bates wat deel vorm van 'n handel- of besigheidsonderneming na belastingpligtige entiteite

Algemeen

- 68 Indien sekere aktiwiteite van 'n OWO wel beskou word as die bedryf van 'n handels- of besigheidsonderneming en een van bogenoemde vier uitsonderings is nie van toepassing nie, sal sodanige OWO óf die betrokke aktiwiteit moet staak óf dit na 'n belastingpligtige entiteit (artikel 21 maatskappy, privaatmaatskappy of trust) moet oordra ten einde te verseker dat die OWO nie sy vrystellingstatus in die algemeen verloor nie. Die tipiese kenmerke van voorgenoemde ondernemingsvorme word hieronder bespreek.
- 69 Dit is uiters belangrik dat gemeentes wat handels- of besigheidsaktiwiteite verrig en wat onseker is oor of sulke aktiwiteite aan enige van voorgenoemde uitsonderings onderhewig is, volle feite en finansiële inligting aan ons (of 'n ander toepaslike professionele persoon met wie die gemeente 'n bestaande verhouding het) verskaf sodat bepaal kan word of een van die uitsonderings wel van toepassing sal wees.
- 70 Die keuse tussen ondernemingsvorme sal afhang van verskeie faktore soos byvoorbeeld die aard van die handelsinkomste en bates of openbare fondse wat gewerf word, ensovoorts. Gemeentes kan ons via hulle betrokke sinode hieroor raadpleeg of eie professionele advies inwin op gemeentelike vlak.
- 71 In die oordrag van bates moet die betrokkenheid van leningskuld tussen die handelsentiteit en die kerkentiteit nie misgekyk word nie. Dit bied die geleentheid om rente aan die Kerk te betaal en sodoende 'n gedeelte van die handelswinste in gemeentelike inkomste te omskep sonder om die vrystellingstatus van die gemeente / kerkentiteit te bedreig.

Sperdatum vir die oordrag van handels- of besigheidsaktiwiteite

- 72 Alhoewel gemeentes, ringe en sinodes hul aansoek om vrystelling op of voor 31 Desember 2003 moet indien, is dit nie nodig dat alle handels- of besigheidsaktiwiteite, indien 'n betrokke gemeente, ring of sinode sulke aktiwiteite verrig, ook op of voor 31 Desember 2003 na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra word nie.

- 73 Handels- of besigheidsaktiwiteite wat nie aan een of meer van die uitsonderings soos in paragrawe 58 tot 67 bespreek voldoen nie, asook enige bate wat in die bedryf van sodanige handels- of besigheidsaktiwiteit gebruik word, moet voor 1 Januarie 2006 na 'n aparte entiteit oorgedra word. Voorgenoemde oordragdatum is slegs van toepassing op handels- of besigheidsaktiwiteite wat voor 1 Januarie 2001 begin is.
- 74 Alhoewel artikel 30 nie enige spesifieke bepalings bevat rondom die oordra van handel- of besigheidsaktiwiteite wat na 1 Januarie 2001 begin is nie, het ons telefonies met die Kommissaris: SAID bevestig dat sodanige aktiwiteite onmiddelik na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra moet word ten einde vir vrystelling te kwalifiseer. Indien 'n gemeente dus byvoorbeeld 'n handels- of besigheidsaktiwiteit beoefen wat na 1 Januarie 2001 begin is en sodanige aktiwiteit word nie voor die datum waarop die gemeente vir vrystelling aansoek doen na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra nie, sal die gemeente se aansoek om vrystelling eers verwerk word na die oordrag van die betrokke aktiwiteit voltooi is. In praktiese terme beteken voorgenoemde dat gemeentes wat na 1 Januarie 2001 handel- of besigheidsaktiwiteite begin het en wat sodanige aktiwiteite nie voor 31 Desember 2003 na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra het nie (of ten opsigte waarvan die oordrag nie voltooi was nie), belastingpligtig kan wees op alle ontvangste en toevallings van 'n inkomste aard vanaf 31 Desember 2003 tot en met die datum waarop die betrokke aktiwiteite wel na 'n aparte entiteit oorgedra word (of waarop die oordrag voltooi is).

Ondernemingsvorme

Trusts

- 75 Trusts word belas teen 'n koers van 40% op alle belasbare inkomste. Waar 'n begunstigde gevestigde regte op trustinkomste verkry (dit is die geval indien daar slegs een trustbegunstigde is of waar die trustakte bepaal dat begunstigdes in 'n sekere verhouding in trustinkomste moet deel) word die trust nie op die inkomste belas nie maar wel die begunstigde(s). Waar trustinkomste in die geval van 'n diskresionêre trust aan 'n begunstigde uitgekeer word, word die inkomste ook nie in die hande van die trust belas nie maar wel in die hande van die begunstigde aan wie dit uitgekeer is (verwys na artikel 25B van die Wet). 'n Diskresionêre trust is 'n trust met meerdere begunstigdes waar die trustees 'n vrye diskresie het oor of hulle trustinkomste in 'n bepaalde jaar wil uitkeer en indien wel, aan watter begunstigdes sonder om die beginsel van gelykheid in ag te neem.

Trustinkomste behou sy aard met die gevolg dat indien die trust besigheidsinkomste ontvang en dit, byvoorbeeld aan die Kerk (as begunstigde) uitkeer, die Kerk ook besigheidsinkomste sal ontvang wat weer die gevolg kan hê dat die Kerk se besigheidsinkomste nie binne die voorgeskrewe toelaatbare maksimum van 15% of R25 000 van totale ontvangstes, kan val.

‘n Trust sal dus net suksesvol gebruik kan word indien ‘n diskresionêre trust gebruik word en die trustees trustinkomste in die trust behou en kapitaliseer sodat die trust belasting op die inkomste betaal. Die trustees kan dan in daaropvolgende jare kapitaaluitkerings aan begunstigdes maak maar dit mag weer op sy beurt kapitaalwinsbelastingimplikasies meebring.

Maatskappy of beslote korporasie

76 ‘n Maatskappy (wat vir die doeleindes van die Wet ‘n beslote korporasie insluit) word tans belas teen ‘n koers van 30% op al sy belasbare inkomste. Indien die maatskappy dividende uitkeer aan sy aandeelhouer(s) (of andersins ‘n voordeel aan sy aandeelhouders laat toekom) is sekondêre belasting op maatskappye (“SBM”) teen ‘n koers van 12,5% op die dividende/geagte dividend deur die maatskappy betaalbaar. ‘n Maatskappy wat al sy inkomste aan aandeelhouders uitkeer se effektiewe belastingkoers is dus ongeveer 37,8 %. Indien ‘n privaatmaatskappy, met die Kerk as aandeelhouer, dus gebruik word, sal die maatskappy effektief belasting teen ‘n koers van 37,8% betaal. Die Kerk sal dividendinkomste, wat nie besigheidsinkomste is nie en ook nie belasbaar is nie, ontvang. Die vraag is egter of die Kerk aandele in ‘n ongenoteerde maatskappy (privaatmaatskappy) mag hou. Soos bo genoem, mag belastingvrygestelde entiteite slegs in genoteerde aandele belê. Die SAID het mondelings aan ons bevestig dat eersgemelde optrede aanvaarbaar sal wees.

Artikel 21 maatskappy

77 Indien ‘n artikel 21 maatskappy gebruik word, sal die maatskappy belasting teen ‘n koers van 30% betaal en sy inkomste aanwend ter bevordering van godsdiens, hetsy direk of deur skenkings te maak aan vrygestelde entiteite. ‘n Artikel 21 maatskappy mag nie dividende verklaar nie en SBM is dus nie ter sprake nie. ‘n Artikel 21 maatskappy reik nie aandele uit nie en lede van die maatskappy het nie regte op die inkomste of bates van die maatskappy nie. Die lede het slegs stemreg. Anders as in die geval van ‘n gewone maatskappy kan daar dus nie sprake daarvan wees dat ‘n vrygestelde entiteit (soos die Kerk) in ‘n artikel 21 maatskappy “belê” soos wat die wetgewing verbied nie. Hierdie entiteit het ook die voordeel dat skenkings aan die Kerk gemaak kan word sonder skenkingsbelasting of SBM gevolge vir die entiteit.

Nie-herroepbare skenkings

78 ‘n OWO mag nie ‘n skenking aanvaar indien die skenking terugbetaalbaar is aan die skenker vir ‘n rede anders as die OWO se versuim om dit vir ‘n spesifieke doel te gebruik nie. ‘n Skenker mag ook nie enige voorwaardes op ‘n skenking van toepassing maak wat ten doel het om die skenker of enige verbonde persoon aan die skenker, hetsy direk of indirek, te bevoordeel nie (sien paragrawe 1.4.2.1, 2.4.1, 3.4.1 en 4.4.1 van Reglement 9 van die Kerkorde 2002).

- 79 Voorgenoemde verbodsbepalings is nie van toepassing op skenkings wat deur ‘n ander goedgekeurde OWO gemaak word nie, of ‘n entiteit wat artikel 10(1)(cA)(i) vrystelling het en self een of meer OWAs verrig nie.

Wysigings aan die Kerkorde

- 80 Die OWO se “konstitusie” of “grondwet” moet ‘n bepaling bevat dat enige wysigings (van watter aard ookal) wat van tyd tot tyd aan dié dokument aangebring word aan die Kommissaris: SAID vir goedkeuring voorgelê sal word. Voorgenoemde vereiste beteken nie dat die Kommissaris: SAID die algemene godsdienstige aktiwiteite en voorskrifte van die Kerk wil, gaan of selfs kan reguleer nie, maar het slegs ten doel om te verseker dat die Kerkode vir die doeleindes van belastingvrystelling aanhou om aan die vereistes van die Wet voldoen. Hierdie is ‘n teen-vermydings bepaling wat ten doel het om organisasies te verhoed om aanvanklik hulle “konstitusie” of “grondwet” te wysig om aan die vrystellingsvereistes te voldoen en dit daarna weer te wysig sodat daar nie aan die vrystellingsbepalings voldoen word nie.

Rekordhouding

- 81 ‘n OWO moet sorg dat alle finansiële inligting (hetsy in geskrewe of elektroniese formaat) wat op ‘n betrokke finansiële jaar van toepassing is vir ‘n tydperk van vier jaar na afloop van die betrokke finansiële jaar beskikbaar is. Die versuim om finansiële inligting te bewaar is strafbaar met ‘n boete of selfs gevangenisstraf.

Belastingopgawes

- 82 ‘n OWO is verplig om jaarliks ‘n belastingopgawe te voltooi en in te dien ongeag die feit dat die OWO belastingvrystelling mag geniet. Die doel met die indien van jaarlikse belastingopgawes is om die Kommissaris: SAID instaat te stel om te bepaal of die OWO steeds aan die vrystellingbepalings voldoen. Alle nodige inligting en dokumentasie (soos byvoorbeeld finansiële state) moet saam met die opgawe ingedien word.

Deelname in belastingvermydingskemas

- 83 Soos bo genoem word die vrystellingstatus van ‘n OWO jaarliks in heroorweging geneem wanneer die OWO sy belastingopgawe en finansiële state indien. Die OWO sal slegs voortgesette vrystelling geniet solank as wat jaarliks aan al die relevante bepalinge van die Wet voldoen word.
- 84 Een van die vereistes waaraan voldoen moet word, is dat die OWO nie bewustelik ‘n party tot ‘n belastingvermydingskema was nie of toegelaat het dat dit gebruik word om die betaling van belasting te vermy, uit te stel of te verminder nie.

Betaling van fondse aan assosiasies van persone

- 85 Ingevolge die vorige wetgewing, was vrygestelde entiteite slegs geregtig om fondse aan ander vrygestelde entiteite te skenk. Dit het daartoe gelei dat baie verdienstelike gemeenskapsprojekte nie die finansiële bystand gekry het wat andersins die geval sou gewees het nie.
- 86 Die huidige wetgewing spreek hierdie probleem aan deur te bepaal dat 'n OWO geregtig is om fondse aan 'n assosiasie van persone wat OWAe verrig te skenk, selfs al is die assosiasie nie 'n goedgekeurde OWO ingevolge Artikel 30 nie. Die goedgekeurde OWO moet homself egter daarvan vergewis dat die assosiasie die fondse sal aanwend ter verwesenliking van die assosiasie se hoofdoel en nie om een of ander persoon ekonomies te bevoordeel nie.

Wet op Organisasies sonder winsoogmerk (“WOSW”)

- 87 'n OWO moet ingevolge artikel 13(5) van die WOSW registreer en aan al die bepalings van hierdie wet voldoen (sien paragraaf 3 van Addendum “C”). Indien die OWO nie instaat is om ingevolge die bepalings van die WOSW te registreer nie en goeie redes hiervoor kan aanvoer, kan die Kommissaris: SAID tesame met die Direkteur: Nie-winsgewende Organisasies, 'n OWO kwytskeld van die verpligting om in terme van die bepalings van die WOSW te registreer.
- 88 Dit is nie nodig dat gemeentes, ringe en sinodes eers as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk moet registreer voor hul aansoek om belastingvrystelling goedgekeur sal word nie. PricewaterhouseCoopers het met die Kommissaris: SAID bevestig dat gemeentes, ringe en sinodes binne een jaar vanaf die datum waarop hul aansoek om belastingvrystelling goedgekeur word, as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk moet registreer.
- 89 Die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk bepaal onder andere dat elke gemeente, ring en sinode twee afskrifte van die Kerkorde moet indien wanneer om registrasie as Organisasie sonder Winsoogmerk aansoek gedoen word. Ten einde die NG Kerk in die geheel kostes te bespaar is PricewaterhouseCoopers op die oomblik besig om met die Direkteur: Nie-winsgewende Organisasies te onderhandel in 'n poging om 'n soortgelyke reëling te tref as dié een wat met die Kommissaris: SAID getref is rondom die indien van die Kerkorde.
- 90 Alhoewel daar in beginsel niks is wat gemeentes, ringe en sinodes verhoed om nou reeds as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk te registreer nie, word aanbeveel dat daar eers gewag word vir die uitkoms van onderhandelinge tussen PricewaterhouseCoopers en die Direkteur: Nie-winsgewende Organisasies. Soos bo genoem, hoef gemeentes, ringe en sinodes slegs binne een jaar na die datum waarop hul aansoek om belastingvrystelling goedgekeur is, as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk te registreer. Gemeentes, ringe en sinodes wat egter reeds op hierdie stadium as 'n Organisasie sonder Winsoogmerk wil registreer word versoek om hul

voltooide aansoekvorm tesame met twee afskrifte van die Kerkorde saam met hul aansoek om belastingvrystelling aan die betrokke sinode te stuur.

- 91 Sodra onderhandelinge tussen PricewaterhouseCoopers en die Direkteur: Nie-winsgewende Organisasies gefinaliseer is, sal die uitkoms daarvan aan gemeentes, ringe en sinodes gekommunikeer word.

Datum van inwerkingtreding

- 92 Die vrystellingbepalings het op 15 Julie 2001 inwerking getree. Organisasies wat op daardie stadium reeds vrystelling gehad het (wat die sinodes, insluitende die Algemene Sinode, ringe en gemeentes van die NG Kerk insluit), sal aanhou om vrystelling te geniet op voorwaarde dat hulle op of voor 31 Desember 2003 om vrystelling aansoek doen ingevolge die bepaling van artikel 30 van die Wet.

Aftrekbaarheid van skenkings vir belastingdoeleindes

Deel II van die Negende Bylae

- 93 Ingevolge artikel 18A van die Wet sal 'n OWO wat een of meer van die aktiwiteite in Deel II van die Negende Bylae tot die Wet verrig in staat wees om 'n sertifikaat aan 'n skenker uit te reik wat die skenker in staat sal stel om die skenking (onderhewig aan 'n sekere limiet) as 'n belastingaftrekking te eis. 'n Afskrif van Deel II is aangeheg as Addendum "D". Daar sal opgemerk word dat Deel II meer beperkend is as Deel I. In onlangse gesprekke met die SAID het dit aan die lig gekom dat Deel II dalk deur die loop van die jaar gewysig sal word om Deel I aktiwiteite in te sluit. Voorgenoemde sal in effek die gevolg hê dat alle Deel I aktiwiteite ook vir artikel 18A status sal kwalifiseer.
- 94 'n OWO wat Deel II aktiwiteite verrig en vir Artikel 18A status kwalifiseer is verplig om ten minste 75% van die fondse wat vir die verrigting van sodanige aktiwiteite gedurende 'n belastingjaar ontvang is, in die daaropvolgende belastingjaar uit te keer. Die Kommissaris: SAID kan egter 'n OWO van hierdie vereiste onthef indien die Kommissaris: SAID van mening is dat die akkumulering van fondse in die publieke belang is en die doel van die OWO beter sal dien.
- 95 'n Gemeente, ring of sinode wat artikel 18A aktiwiteite verrig (sien Addendum "D") moet in die dekbrieff wat hul aansoek om vrystelling vergesel (sien Addendum "H"), die Kommissaris: SAID versoek om te bevestig dat hulle daarop geregtig sal wees om artikel 18A sertifikate aan donateurs uit te reik wat geld skenk vir die verrigting van sodanige aktiwiteite.

Voorgeskrewe limiete

- 96 Die aftrekbaarheid van die bedrag kontant of bates wat 'n skenker aan 'n goedgekeurde artikel 18A OWO geskenk het, is beperk tot die grootste van -

- 96.1 5% van die belasbare inkomste van die skenker soos bereken voor die aftrekking van enige mediese en tandheelkundige kostes asook die bedrag van die skenking; of
- 96.2 R1 000.
- 97 Artikel 18A bevat sekere bepalinge rondom die berekening van die kontantwaarde van bates wat aan 'n OWO geskenk is.

Kwitansie

- 98 'n Skenker sal slegs 'n artikel 18A aftrekking kan eis indien die betrokke OWO 'n kwitansie aan die skenker uitgereik het ter bewys van die skenking. Die kwitansie moet ten minste die volgende inligting bevat –
 - 98.1 Die artikel 18A verwysingsnommer van die OWO;
 - 98.2 Die datum van uitreiking;
 - 98.3 Die naam en adres van die betrokke OWO;
 - 98.4 Die bedrag van die skenking of die aard van die bates;
 - 98.5 'n Sertifikaat dat die kwitansie uitgereik word vir die doeleindes van artikel 18A en dat die skenking uitsluitlik aangewend sal word vir die doel van die OWO, raad of liggaam.
- 99 'n Voorbeeld van 'n aanvaarbare artikel 18A sertifikaat is aangeheg as Addendum "E".

Aansoekprosedure

Skriftelike onderneming om aan die vereistes van artikel 30 van die Wet te voldoen en latere wysiging van die Kerkorde

- 100 Soos genoem, moet elke NG-gemeente, ring en sinode (insluitende die Algemene Sinode) op of voor 31 Desember 2003 aansoek om vrystelling doen, op die aanname dat hulle nie ten volle belasbaar op alle ontvangste en toevallings van 'n inkomste aard wil wees nie.
- 101 In plaas daarvan dat elke sinode voor of op 31 Desember 2003 hulle sinodale Bepalinge en Reglemente wysig om aan die vereistes van artikel 30 te voldoen, kan elke sinode 'n bestaande afskrif (Oktober 2002 weergawe) van die Kerkorde aan die Kommissaris: SAID stuur, vergeesels van 'n voltooië aansoekvorm (sien Addendums "F1" en "F2") tesame met 'n skriftelike onderneming (sien Addendum "G") dat die betrokke sinode aan al die bepalinge van artikel 30 van die Wet sal voldoen.

- 102 Alhoewel elke NG-gemeente en ring ook die nodige aansoekvorm en skriftelike onderneming moet voltooi, hoef hulle, ingevolge die ooreenkoms wat PricewaterhouseCoopers met die Kommissaris: SAID bereik het, nie ook 'n afskrif van die Kerkorde saam met hulle aansoek in te dien nie. Gemeentes en ringe hoef slegs in hulle aansoek te verwys na die afskrif van die Kerkorde (2002) wat deur die betrokke sinode ingedien is.
- 103 'n Formeel gewysigde Kerkorde wat aan ál die bepalings van artikel 30 voldoen hoef eers voor of op 15 Julie 2006 by die Kommissaris: SAID ingedien te word.
- 104 In gesprekke met die Kommissaris: SAID het dit duidelik geblyk dat die Kommissaris: SAID bogenoemde prosedure verkies om rede dit die afhandeling van OWO aansoeke bespoedig. Die skriftelike onderneming het dieselfde effek asof dit 'n formeel gewysigde "konstitusie" is. Met ander woorde, al word die Kerkorde nie nou al formeel gewysig nie (om rede dit nie nodig is nie), moet elke gemeente, ring en sinode sorg dat in die tussentyd aan al die bepalings van artikel 30 voldoen word.
- 105 Daar word ook voorgestel dat die Kerk hierdie roete volg aangesien dit eenvoudig is en die afhandeling van die aansoekprosedure (veral vir die verskeie gemeentes) sal bespoedig. Verder sal dit verhinder dat wysigings meer as een keer gedoen word in die lig daarvan dat die wetgewing en toepassings nog in 'n ontwikkelingsfase is.
- 106 Daar word verder voorgestel dat bogenoemde prosedure ook gevolg word ten opsigte van die wysiging van die "konstitusies" van entiteite wat OWAE verrig en wat onder die beheer van gemeentes, ringe of sinodes staan.

Groepsregistrasies

- 107 Die Wet maak voorsiening vir die Kommissaris: SAID om toestemming aan 'n groep organisasies te verleen wat 'n gemeenskaplike doel het, een of meer OWAE verrig en onder die beheer van 'n sentrale beheerliggaam staan om slegs een vrystellingsaansoek in te dien indien die sentrale beheerliggaam onderneem om te sorg dat alle geaffilieerde organisasies die vereistes van artikel 30 nakom.
- 108 Ten spyte van omvattende onderhandelinge met die SAID om te kyk of ons nie 'n praktiese reëling met die SAID kan tref wat die effek sal hê dat elke sinode kollektief namens al die gemeentes en ringe in hulle gebied kan aansoek doen nie, het die SAID bevestig dat elke gemeente, ring en sinode afsonderlik om vrystelling sal moet aansoek doen.

Belastings wat vir vrystelling sal kwalifiseer

Skenkingsbelasting

- 109 Skenkingsbelasting teen 'n koers van 20% word gehef op die gratis oormaking van enige eiendom aan 'n ander, insluitend die oormaking van enige eiendom vir laer as markwaarde. Alhoewel skenkingsbelasting deur die skenker betaal moet word, kan

die ontvanger van die skenking ook aanspreeklik gehou word vir skenkingsbelasting indien die skenker nie die skenkingsbelasting betaal nie.

- 110 Skenkings aan en deur 'n goedgekeurde OWO sal egter nie aan enige skenkingsbelasting onderhewig wees nie.

Boedelbelasting

- 111 Boedelbelasting is betaalbaar teen 'n koers van 20% op die netto boedel van 'n persoon. Enige eiendom wat egter aan 'n goedgekeurde OWO bemaak word, sal uitgesluit wees van die netto boedel en sal dus nie aan boedelbelasting onderhewig wees nie.

Hereregte

- 112 Regspersone en trusts betaal hereregte teen 10% op die waarde van enige eiendom aangeskaf. 'n Goedgekeurde OWO sal egter nie onderhewig wees aan die betaling van hereregte nie indien dit eiendom aanskaf met die doel om een of meer OWAs te verrig nie. Voorgenoemde vrystelling word per transaksie verleen en sal slegs oorweeg word indien sekere voorgeskrewe dokumente aan die SAID gelewer word.
- 113 Vaste eiendom wat deur 'n goedgekeurde OWO na 'n ander entiteit oorgedra word ten einde aan die bepalings van artikel 30 te voldoen (byvoorbeeld om besigheids en nie-besigheidsaktiwiteite van mekaar te skei) sal nie aan enige hereregte onderhewig wees nie.

Seëlregte

- 114 Seëlregte is betaalbaar ten opsigte van sekere 'instrumente' (byvoorbeeld aandele) soos gedefinieer in die Seëlregwet. 'n Goedgekeurde OWO is egter nie aan die betaling van seëlregte onderhewig nie.

Vaardigheidsontwikkelingsheffing ("VOH")("Skills Development Levy")

- 115 Werkgewers word in die algemeen verplig om 1% van totale werknemersvergoeding aan die vaardigheidsontwikkelingsfonds te betaal. Godsdienstige instansies (dit wil sê organisasies wie se aktiwiteite in paragraaf 5 van Deel I van die Negende Bylae val) is nie onderhewig aan enige VOH nie.

Kapitaalwinsbelasting ("KWB")

- 116 Skenkings aan 'n goedgekeurde OWO sal nie aan enige KWB onderhewig wees nie. 'n Goedgekeurde OWO sal ook nie aan KWB onderhewig wees nie.

Eiendomsbelasting

- 117 Die huidige wetgewing wat die betaling van eiendomsbelasting reguleer is in die proses om gewysig te word as gevolg van die feit dat die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika aan munisipaliteite die reg gee om, onderhewig aan

enige toepaslike nasionale wetgewing, self die vlak van eiendomsbelasting te bepaal. Die wysigingswetgewing is egter nog nie gefinaliseer nie. Daar word egter verwag dat die nuwe wetgewing munisipaliteite die reg sal gee om self te bepaal watter tipes eiendom nie onderhewig aan die betaling van eiendomsbelasting sal wees nie.

- 118 Op die oomblik is eiendom wat uitsluitlik vir godsdienstige doeleindes gebruik word (soos byvoorbeeld pastorië en kerkgeboue) nie onderhewig aan die betaling van enige eiendomsbelasting nie. Aangesien die voorgestelde wetgewing nie op die oomblik 'n bepaling bevat wat OWOs wat in terme van die Wet van belasting vrygestel is, outomaties van die betaling van eiendomsbelasting vrystel nie, is dit moontlik dat elke gemeente, ring en sinode spesifiek sal moet aansoek doen om van die betaling van eiendomsbelasting vrygestel te wees. Die weg vorentoe sal egter eers duidelik wees nadat die betrokke wetgewing gefinaliseer is.

Slotopmerkings oor die aansoekproses

- 119 Dit is baie belangrik dat elke gemeente bewus is van die beperkings wat van toepassing is op die bedryf van handel- of besigheidsaktiwiteit en die uitsonderings wat ten opsigte van hierdie aspek geld. Nie-nakoming van hierdie vereiste kan daartoe lei dat die gemeente sy vrystellingstatus verbeur en belasbaar word op alle inkomste, insluitende dankoffergeld. Indien 'n gemeente onseker is oor of sekere handels- of besigheidsaktiwiteit die verbod oortree, stel ons voor dat hulle met ons (of hulle spesifieke professionele raadgewers) skakel sodat advies oor die aangeleentheid verleen kan word. Handels- of besigheidsaktiwiteit wat nie aan een van die uitsonderings onderhewig is nie moet so gou as moontlik geïdentifiseer en oorweeg word en, afhangend van die omvang daarvan, na 'n toepaslike belastingpligtige entiteit oorgedra te word (voor 1 Januarie 2006 in die geval van handel- of besigheidsondernemings wat voor 1 Januarie 2001 in aanvang geneem is).
- 120 Alhoewel gemeentes, ringe en sinodes hul aansoek om vrystelling op of voor 31 Desember 2003 moet indien, is dit nie nodig dat enige handels- of besigheidsaktiwiteit, indien 'n betrokke gemeente, ring of sinode sulke aktiwiteit voor 1 Januarie 2001 begin verrig het, ook op of voor 31 Desember 2003 na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra word nie. Soos bo genoem, moet handel- of besigheidsondernemings wat voor 1 Januarie 2001 verkry is slegs voor 1 Januarie 2006 na 'n toepaslike belastingpligtige entiteit oorgedra word.
- 121 Indien 'n gemeente 'n handels- of besigheidsaktiwiteit beoefen wat na 1 Januarie 2001 begin is en sodanige aktiwiteit word nie voor die datum waarop die gemeente vir vrystelling aansoek doen na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra nie, sal die gemeente se aansoek om vrystelling eers verwerk word na die datum waarop die oordrag van die betrokke aktiwiteit voltooi is. In praktiese terme beteken voorgenoemde dat gemeentes wat na 1 Januarie 2001 handel- of

besigheidsaktiwiteite begin het en wat sodanige aktiwiteite nie voor 31 Desember 2003 na 'n aparte belastingpligtige entiteit oorgedra het nie (of ten opsigte waarvan die oordrag nie voltooi was nie), belastingpligtig kan wees op alle ontvangste en toevallings van 'n inkomste aard vanaf 31 Desember 2003 tot en met die datum waarop die betrokke aktiwiteite wel na 'n aparte entiteit oorgedra word (of waarop die oordrag voltooi is).

- 122 Alhoewel dit baie makliker sou gewees het indien elke sinode 'n groepsaansoek namens al die gemeentes in hul streek kon indien, is die proses vir gemeentes om vir vrystelling aansoek te doen redelik ongekompliseerd, veral as die gemeentes nie wesenlike sekulêre aktiwiteite verrig nie.
- 123 Ons stel voor dat die Algemene Sinode asook die onderskeie sinodes nie nou al hul onderskeie “konstitusies” (met ander woorde die Kerkorde en die Sinodale Bepalings en Reglemente) wysig nie. Indien die Kerkorde nou gewysig word en die bepalinge van die Wet word later deur die jaar gewysig, sal dit beteken dat die Kerkorde weer op daardie stadium gewysig moet word. Dit sal onnodige tyd en geld verkwis.
- 124 Ingevolge die ooreenkoms wat ons met die Kommissaris: SAID bereik het, stel ons voor dat slegs die sinodes 'n afskrif van die Kerkorde saam met hulle voltooide aansoekvorm en skriftelike onderneming by die Kommissaris: SAID indien. Elke gemeente en ring hoef slegs in hulle aansoek om vrystelling te verwys na die afskrif van die Kerkorde wat deur hulle betrokke sinode ingedien is. Onderhewig daaraan dat elke aansoek voldoen aan die handels- en besigheidsbepalings, sal die prosedure voldoende wees om voortgesette vrystelling te verseker.
- 125 Wat betref die oordrag van handels- en besigheidsaktiwiteite wil ons voorstel dat gemeentes hulle optrede begin beplan, dog nog nie tot uitvoer bring voor professionele advies nie ingewin is oor aangeleenthede soos -
- tydstip van oordrag;
 - prys waarteen bates en verpligtinge oorgedra word;
 - keuse van regsvorm;
 - afbetaal en rentereëlings met betrekking tot die verkoopprijs van sodanige belange; en
 - welke ampsdraers die entiteit gaan beheer.